22.8 BESWAARSKRIF STREEKSINODE PRETORIA : RIGLYNE VIR DIE BEOORDELING VAN PSALMS- EN SKRIFBERYMINGS (Artt 33, 41, 197)

A. Dr GJ Meijer stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na die Kommissie Beswaarskrifte 2 – Liturgies.
C. Ds HB Hattingh rapporteer namens die Kommissie Beswaarskrifte 2 – Liturgies.

D. **BESWAARSKRIF**

1. Die besluit waarteen beswaar gemaak word

Die besluit waarteen beswaar gemaak word, word weergegee in die Sinode Handelinge 2012, art 22.2, Rapport 2 van die Deputate Liturgiese Sake, met name 2.3 en die besluit (Acta:390):

> **2.3 *Riglyne vir die beoordeling van Psalm- en Skrifberymings***
> 2.3.1 As basiese riglyn geld dat die beryming die sin en inhoud van die Skrifgedeelte suiwer en korrek in ooreenstemming met die kerklike belydenis moet weergee."
> 2.3.2 Die beryming moet daarop gerig wees om God se openbaring in sy Woord te vergestalt.
> 2.3.3 'n Beryming moet die struktuur van die oorspronklike teks in gedagte hou en moet poog om in die strofe-indeling daarby aan te sluit.
> 2.3.4 Die breë strekking en inhoud van 'n gedeelte moet weergegee word, wat die basiese inhoud, belangrike begrippe en die basiese voortgang van die gedeelte betref, sonder dat elke detail van die oorspronklike volledig weergegee hoef te word. Dit raak aspekte soos belangrike openbarings-historiese lyne, bepaalde frases en begrippe, die oordeel van God en die verbond.
> 2.3.5 Wat die hantering van die Messiaanse Psalms betref, moet in gedagte gehou word dat die moontlike messiaanse duiding in 'n Psalm op verskillende maniere uitgedruk kan word. Voetnote kan gebruik word om die verband met Nuwe-Testamentiese tekste aan te dui.
> 2.3.6 Nuwe berymings van gedeeltes (veral uit die Ou Testament) moet daarna streef om die onderskeid tussen die verskillende Godsname sover moontlik te behou.
> **Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.6 goedgekeur.**

2. Beswaargrond en motivering

2.1 *Beswaargrond*

Punt 2.3.4 is in stryd met 2.3.2. Dit verskraal die inhoud van 2.3.4, wat tot willekeur en moontlike verwarring kan lei.

2.2 *Motivering*

Die Sinode besluit tereg dat 'n Psalm- en Skrifberyming daarop moet gerig wees om God se openbaring in sy Woord te vergestalt (2.3.4). Dit is objektief meetbaar en sigbaar dat die openbaring van God in 'n bepaalde beryming vergestalt word. Sake word egter anders as die kwalifikasie van 2.3.4 bygevoeg word. Wanneer 'n berymer die *breë strekking* van die *basiese inhoud* met *geselekteerde detail* weergee, is dit nie objektief meetbaar nie, maar kan dit tot subjektiewe en willekeurige weglating van bepaalde Skrifgegewens lei. Punt 2.3.4 is gevolglik in stryd met 2.3.2 en bowendien 'n onnodige toevoeging tot 2.3.2.

3. Versoek

Sinode 2015 word versoek om 2.3.4 van die *Riglyne vir die beoordeling van Psalm- en Skrifberymings* (Acta 2012:390) te skrap.

E. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Om die Sinode te adviseer ten opsigte van die hantering van die Beswaarskrif van die Streeksinode Pretoria teen die besluit van Sinode 2012, art 22.2, Rapport 2 van die Deputate Liturgiese Sake, met name punt 2.3.4 van die besluit soos vervat in Acta 2012:390 ten opsigte van die riglyne vir die beoordeling van Psalm- en Skrifberymings. Die beswaar is dat 2.3.4 die riglyn in 2.3.2 verskraal.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

2.1 Punt 2.3.2 van die besluit stel inderdaad die beginsel riglyn, naamlik: “Die beryming moet daarop gerig wees om God se openbaring in sy Woord te vergestalt.”

2.2 Die riglyn is egter reeds in die geskiedenis geïmplementeer deur nie al die detail te verwoord nie. ‘n Voorbeeld hiervan is Totius se beryming van Eksodus 20 waar by die tweede, vierde en tiende gebooie detail weggelaat is.

2.3 Die vraag is egter hoeveel detail weglaatbaar is? Punt 2.3.4 van die Sinodebesluit gee hierop antwoord. Die “basiese inhoud, belangrike begrippe en die basiese voortgang van die gedeelte” moet weergegee word. Basiese inhoud wat nie weggelaat mag word nie, “raak aspekte soos belangrike openbaringshistoriese lyne, bepaalde frases en begrippe, die oordeel van God en die verbond.”

Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.

3. Gevolgtrekking

Punt 2.3.2 van die Sinodebesluit stel die beginselriglyn. Hierdie breë riglyn is egter vir verskillende moontlike interpretasies vatbaar. Punt 2.3.4 van die besluit wil juis orde stel op dit wat nie weglaatbaar is nie. Dit is daarom ‘n belangrike verbesondering van punt 2.3.2.

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbeveling

Die Beswaarskrif slaag nie.

Besluit: Goedgekeur.